# Week 3 (16-22 Maart) – Vra en vat vergiffenis

***Die storie van Dawid en Batseba ((2 Samuel 11 en 12, Psalm 51)***

Ons kry dit baie moeilik reg om te verander – sukkel selfs met die klein goedjies wat moet change. Ons val gewoonlik maklik terug in ou patrone van dink en doen, terwyl ons goed weet dat ons nodig het om te groei of te verander – ons kan nie dieselfde bly nie.
Die model waarmee ons vir 40 dae gaan werk neem ons deur 5 fases om ons te help om te verander:

1. Erken dat jy in die moeilikheid is (week 1);
2. Wees eerlik oor wat jou keer om te verander (week 2);
3. Vra en vat vergiffenis (week 3);
4. Commit vir die langpad (week 4);
5. Wie hou jou accountable? (week 5)

Hierdie week praat ons oor hoe belangrik dit is om vergiffenis te vra, te vergewe, maar ook om te glo en te leef asof jy vergewe is!
Lees saam, bid saam , maak tyd in jou dag vir hierdie dagstukkies hierdie week. Wees eerlik oor jou eie journey van change wat jy moet loop en vertrou God om in hierdie tyd in jou lewe te werk.

## Maandag 16 Maart - Dag 16:

*"The way Jesus tried to change people was by loving and healing them, accusing only their accusers. Why did we not notice that? His harshest words of judgment were reserved for those who perpetuated systems of inequality and oppression and who, through religion itself, thought they were sinless and untouchable.* Jesus did not so much love people once they changed, but he loved people so that they could change.*"* Richard Rohr

Ek dink ons sonde breek die Here se hart. Ek dink die Here skud soms hartseer sy kop oor die stupid goed wat ons aanvang. En as dit nie vir sy genade, wat gebore is uit sy onverklaarbare liefde vir ons, was nie, het niemand 'n kans gehad nie.
**Lees 2 Samuel 11:1-13** oor Dawid se sonde en hoe hy dit probeer wegsteek het.
Waar dink jy het Dawid se sonde begin?
Hoe probeer jy jou sonde wegsteek?
Hoe keer sonde dat jy groei in jou geloof?

## Dinsdag 17 Maart - Dag 17:

*"Sin happens whenever we refuse to keep growing."* Richard Rohr

Sonde het mos die manier om te vermeerder. Soos ons een "onskuldige" sonde toelaat, ontdek ons vinnig dat dit versprei en ons makliker 'n volgende verkeerde ding doen.
**Lees 2 Samuel 11:14-27** Hoe het dit in Dawid se lewe uitgespeel? En het hy al hoe erger goed aangevang?

## Woensdag 18 Maart - Dag 18:

*"...every time God forgives us, God is saying that God's own rules do not matter as much as the relationship that God wants to create with us."* Richard Rohr

As God nie vergewe het nie, het ons nie 'n kans gehad nie. Ons sukkel om ons koppe hierom te kry, want ons vergewe moeilik – en dan praat ek nie eers van ander nie. Ons sukkel om onsself te vergewe. Maar ons lees ook in die Bybel dat God sonde straf, want soms is dit die beste manier hoe ons leer.

**Lees 2 Samuel 12:1-14** Hoe open Dawid se reaksie op Natan se teregwysing hom vir God vergiffenis?

## Donderdag 19 Maart - Dag 19:

*"You cannot heal what you do not first acknowledge.."* Richard Rohr

Groei begin by die vra van vergiffenis. Dawid het geweet dat dit die enigste manier is om sy verhouding met God weer reg te maak. Die stupid goed wat ons aanvang het ongelukkig hartseer gevolge en dit help nie ons dink God is wreed om dit toe te laat nie. Ons verdien straf. Maar genesing begin by 'n erkenning van ons sonde.
**Lees Psalm 51:1-7 –** Dawid skryf hierdie Psalm in reaksie op sy sonde. Ons elkeen het vergiffenis nodig. Bid hierdie paar verse 'n paar keer deur en bely jou sonde.

## Vrydag 20 Maart - Dag 20:

*"Forgiveness reveals three goodnesses simultaneously. When we forgive, we choose the goodness of the other over their faults, we experience God's goodness through ourselves, and we also experience our own capacity for goodness in a way that almost surprises us."* Richard Rohr

As ons vergiffenis vra gebeur iets in ons harte. Daar kom 'n sagtheid en 'n openheid, amper asof ons iets van ons hardheid verloor. Ons staan effens verleë voor die Here en op daardie punt kon God ons maklik verwerp het. Maar Hy doen nie. Hy vergewe. Hy maak ons heel en gee vir ons nuwe harte. Hy vat ons terug.
Hoe skryf Dawid daarvan in **Psalm 51:8-15**

## Saterdag 21 Maart - Dag 21:

*"Most people are just not aware and not fully living in their own present moment. When Jesus said, "Father, forgive them, they don't know what they're doing" (Luke 23:34), he was absolutely right. Most people are on cruise control, and most of their reactions are habituated responses—not fully conscious choices."* Richard Rohr

Om te vergewe is powerful. Op soveel vlakke maak dit 'n verskil. Verhoudings kry weer 'n kans, ons kan onsself en ander weer in die oë kyk as ons vergewe word. Ons sukkel soms om hierdie vergiffenis te aanvaar omdat ons voel da tons dit nie verdien nie. Dit is reg, ons verdien dit nie. En tog vergewe die Here ons. Hoekom is dit vir ons so moeilik om hierdie vergiffenis te aanvaar?
In **Psalm 51:16-21** praat Dawid oor hoe God se vergiffenis hom uitdaag om anders op te tree. Watter sake noem hy?

## Sondag 22 Maart - Dag 22:

*"If you really want to love, you must learn to forgive."* Mother Theresa

Dalk het jy hierdie week weer die waarde ontdek van belydenis en vergiffenis. Moenie te vinnig daaroor gaan nie. Spandeer iewers vandag tyd om weer **Psalm 51** te lees.
Vra vergiffenis
Aanvaar sy vergiffenis en dank die Here dat Hy jou vergewe.
Vergewe ander soos die Onse Vader ons leer